### *Die onkruid bly as bemesting agter*

**204** **Ek** sê: "Liewe dogter van My hart, Ek sê vir jou: Jy het nie 'n woord te veel of te min gesê nie! Daarom gee Ek julle ook almal die raad om alles wat hierdie meisie nou gesê het, **te onthou, daar goed aandag aan te skenk en daarvolgens op te tree**. As iemand egter kommentaar het, laat hy dan opstaan en praat!"

[2] Na hierdie uitnodiging kom **Judas Iskariot** na vore en sê: "Bykans met alles stem ek nie saam nie, hoewel ek origens die wysheid van die meisie baie bewonder, want sy praat soos `n baie goed geskrewe boek." - Toe swyg hy.

[3] **Josoë** snou hom egter letterlik toe: "O vreeslik onsinnige en uitermatige dom mens! Het jy dan nie gehoor watter getuienis die Meester Self aan die lieftallige Jarah gegee het nie, en jy wil dan nog met alle punte van haar antwoord verskil? O, laat ons dan maar eers iets hoor van jou onbevredigde, oorgrote domheid, en dan sal ons wel sien met watter drek dit gevul is! Maak jou dom oë tog oop, ou os! Kyk eers, hier langs my sit `n engel van Elohim uit die hoogste hemele, sy wese is suiwer lig. En hier sien jy die jong wyse spreekster na die hart van Elohim, en naas haar hopelik die Meester Self, wie se Gees hemel en aarde en alles wat bestaan geskep het, en tog wil jy ondanks die getuienis van Elohim nie heeltemal saamstem met iets uit die toespraak van die lieftallige Jarah nie?! Sê eers wie jy egter is om so onbeskaamd met Elohim te wil redetwis!"

[4] Hierdie kragtige woorde van Josoë maak baie indruk op Judas en hy trek hom dadelik terug en gaan baie bedeesd op sy bank sit; want vir die aangenome seun van die hoë Cyrenius het hy baie bang geword, en hy sit baie stil op sy plek.

[5] Maar **Josoë** sê verder: "Is hy nie een van die eerste leerlinge nie? Daardie gesig kom my bekend voor, ek het hom in Násaret gesien! Ja, ja, dit ís hy! Hy is een en dieselfde wat in Násaret ook al, as ek my nie vergis nie, altyd oorhoops gelê het met `n sekere leerling, Thomas!"

[6] **Jarah** sê: "Laat dit daar, edele Josoë! Kyk, as hierdie leerling net so `n groot begripsvermoë sou gehad het soos jy en, alle lof aan die Meester, ook ek, dan sou hy swyg, net soos die ander broers en vriende, en in sy hart diep daaroor nadink. Maar omdat hy beslis `n baie harde hart het, verstaan hy elke hoëre of dieperliggende waarheid baie moeilik! En as hy tóg iets aanneem, kan hy dit meestal nie bewaar nie, omdat hy in sy ineenverkrimpte hart nooit heeltemal plek het vir iets groots en verhewe nie! Laat hierdie mens daarom met rus en bekommer jou nie oor hom nie!"

[7] **Josoë** sê: "Jy het weer heeltemal gelyk! Maar weet jy, so `n klein teregwysing sal hom gladnie skaad nie, **want ek weet dat hierdie persoon baie dikwels uit sy beurt praat. Hy wil altyd die voorste haantjie wees**, en almal moet by hom raad vra. Dit gebeur natuurlik nooit, omdat die ander baie wyser is en meer begrip het as hy, en daarvoor vererg hy hom heimlik. Daarom is hy ook altyd ietwat bekrompe wraaksugtig, maar dit help hom niks nie, want hy word dikwels, net soos nou, op `n onsagsinnige manier tereggewys deur leerling Thomas, wat `n egte wyse man is!"

[8] **Jarah** sê: "Ja, ja, dit het jy goed ingesien, want ek herinner my nou ook so `n twisgesprekkie in Genésaret! Die Meester weet seker beter as ons waarom Hy hierdie leerling in Sy geselskap duld; ek sou hom lankal weggestuur het! Hierdie mens het iets heel spesiaal afstotend vir my, en ek sou alles daarop verwed dat die hele geselskap nog eendag deur hom in baie groot moeilikhede gaan kom. Ek vertrou naamlik nooit mense wat die persoon waarmee hulle praat, nie in die oë kan kyk nie! Dit lyk asof hulle altyd bang is dat hul onsekere oog hul bose hart sou verraai. En juis hierdie leerling het hierdie kwellende eienskap wat my so heeltemal teenstaan! Wel, ondanks dit duld die Meester hom tog en Hy moet seker `n baie wyse rede daarvoor hê!"

[9] **Ek** sê aan Jarah: "Dogter van My! Kyk, jy het sopas self in jou toespraak werklik buitengewoon goed die rede aangegee wat aan elkeen sonhelder duidelik maak waarom daar deur My naas die koring ook die onkruid geduld word. En weet jy, hy is ook so `n onkruidplant op My goeie akker. As die goeie koring egter in My skure versamel word, sal hy as onkruid op die land bly staan en verbrand word om die sware grond te bemes en te belug!

[10] Die grond moet wel belug wees sodat die edele vrug goed daarop kan gedy - maar weet jy, al te los mag dit ook nie wees nie, want in te losse grond kan die wortels geen vaste grond vind nie. Kom die hitte dan en kom daar soos gewoonlik groot storms daarna, dan verdroog die wortels baie maklik saam met die vrugstengel. En as daar dan weer 'n storm kom, word sulke vrugstengels moeiteloos ontwortel, verdor dan op die land en lewer geen vrug nie! Daarom is daar vir die kweek van kinders van Elohim altyd meer `n swaar as `n losse grond nodig; en omdat dit so is, moet `n mens dit hom laat welgeval as êrens naas die koring ook onkruid uit die swaar grond gaan opkom! Want dit word nie as oes ingebring nie, maar dit bly agter vir bemesting van die grond, sodat die volgende gesaaides `n nog ryker oes kan lewer as wat daar tot nog toe die geval was. - Het jy My verstaan?"

### *Mense en volke ontvang `n gerigte opvoeding*

**205** **Jarah** sê: "O ja, my Meester, my liefde! Eie kinders het `n deegliker opvoeding nodig as die kinders van slawe. Want die kinders van die huis word net soos hul ouers, of ook wel in die huis-houdelike sorg van die ouers delend opgevoed, terwyl die slawekinders slegs soveel moet weet as wat hulle onveranderlike en eentonige diens vereis! Daarby natuurlik kom die vraag op waarom JaHWeH Elohim dit toelaat dat op hierdie aarde die een mens

die ander as `n beklaenswaardige slaaf moet dien, en die keiser selfs die mag oor lewe en dood van die slaaf in die hande van sy meester gegee het."

[2] **Ek** sê: "Ja, my liewe dogter, `n volledige uitleg sou ons almal veels te ver voer; maar `n paar gelykenisse daaroor sal Ek wel vir jou en so ook vir al die ander gee. Wie hulle sal verstaan, sal behalwe dit, nog baie meer duidelik word; luister dus goed en aandagtig na My:

[3] Daar is verskillende soorte graan, soos die gladde en die baardagtige koring, die twee- en die vierry gars, die hoë koring, hawer, mielies; verder is daar nog lensies, ertjies en verskillende soorte bone. Soos jy weet, het hierdie verskillende gewasse ook altyd verskillende grondsoorte nodig, omdat hulle andersins nie sou gedy het nie. Die een graansoort het `n behoefte aan vaste kleigrond, die ander leemgrond, wat egter steeds goed bemes moet wees omdat daar andersins van die koring niks tereg sal kom nie. Nog `n ander graansoort het `n losse en klipperige, en `n ander weer `n sanderige grond nodig. Baie soorte graan het `n vogtige en ander weer `n droë grond nodig. Dit alles leer mense uit ervaring.

[4] Op dieselfde wyse het verskillende mense ook ‘n verskillende opvoeding nodig, na gelang van hoe dit vooraf met hul harte en siele gesteld is. Soos wat dit egter met afsonderlike mense gaan, hoewel hulle dikwels kinders van één en dieselfde vader is, so gaan dit ook met hele gemeentes en met volledige groot volkstamme. Die een volkstam het `n sagte, dus losserige behandeling nodig om tot groot seën van die ander volke van die aarde te bestaan. `n Ander volkstam het `n harde behandeling nodig, omdat hy andersins baie gou tot vloek van die naburige volke sou ontaard en hulle bekommer. `n Ander volkstam het weer die uitgesproke neiging om te tiranniseer en heers oor haar medemense. Vir die siele van sulke mense is daar niks beters as dat hulle vir talle jare in slawerny verval, sodat hulle eers goed deur en deur nederig kan word. Word hulle in hierdie nederigheid beter, en verdra hulle hul lot uiteindelik met alle geduld en sonder om te mor, dan word hulle weer vrye inwoners van die aarde. Hulle sal dan as `n veredelde vrug op die beste en vetste grond verseker vinnig en weelderig groei.

[5] Kyk, dit is nou `n beeld wat juis vir julle almal heel maklik verstaanbaar behoort te wees, omdat julle tog al soveel begrip het!

[6] Maar om hierdie baie belangrike saak nog aanskouliker te maak, wys Ek julle op die dele van die menslike liggaam, waarvan ook elke lid `n ander vorm het, en dus `n ander behandeling en, in geval van siekte, natuurlik ook `n ander geneesmiddel nodig het. As iemand oogpyn het, moet hy sekerlik `n ander geneesmiddel daarvoor gebruik as vir `n pyn in die voet. Wie pyn op sy maag het, moet dit anders behandel as `n pyn in sy hand. Ook moet daar by liggaamlike siektes gekyk word of dit nuwe, of ou en hardnekkige kwale is. `n Nuwe kwaal kan meestal deur `n eenvoudige middel genees, terwyl `n ou kwaal dikwels met kragtige medisyne op lewe en dood bestry moet word om haar uit die liggaam te verdryf. Die siele van die mense lyk ook altyd soos die aparte ledemate van hulle liggame. Na gelang `n siel meer na `n edel of na `n onedel deel van haar liggaam lyk, des te meer moet sy net soos daardie enkele deel waarna sy lyk, behandel word.

[7] Volgens hierdie beeld moet ook die verskillende verhoudinge van die mense met betrekking tot die sfeer van hul sielemoraal, net so behandel word soos die aparte deel wat in hul sfeer van die sielemoraal daarmee ooreenkom. `n Slegte tand in die mond moet, as alle ander middele nie help nie, uitgetrek en weggegooi word, sodat dit die gesonde tande nie sal aansteek nie. So moet ook `n onverbeterlike slegte mens weg uit `n gemeente, sodat hy nie die hele gemeente sal bederf nie. Op dieselfde wyse moet dikwels `n hele volk, as dit dan nie fisies is nie, dan tog moreel vernietig word sodat alle volke van die aarde nie uiteindelik daardeur bederf word nie.

[8] Kyk maar in die kronieke, dan sal julle vind watter groot volke die Babiloniërs, die Nineviete, die Mede, die Perse, die Egiptenare, die ou Grieke en vóór hulle die Fenisiërs en die Trojane eens was! Waar is al hierdie volke nou? Waar is die mense uit Gomorra en Sodom en waar die volke uit die tien stede? Ja, fisies bestaan hulle nog wel in hul verwaarloosde nakomelinge, maar hul naam bestaan nie meer nie en onder die ou naam sal hulle ook nooit weer `n volk van hierdie aarde word nie, want daar is skaars iets slegters as `n ou naam, waaraan baie ydele, niksseggende roem kleef. Daardie soort mense of volke beskou hulle ten laaste, vanweë so `n oeroue beroemde naam, as baie beter en waardiger as `n jong volk wat deur sagmoedigheid, nederigheid en broederliefde hulle in die, vir Elohim regverdigste, en daardeur vir die siel, die gesondste, toestand bevind.

[9] Dit sal julle nou nie baie moeite kos nie om, na enkele ondersoeke, te ontdek hoe goed en regverdig die Vader in die hemel is! Want die vaste bestemming van die aarde is nou eenmaal daar om kinders van Elohim se Gees vir die hele oneindigheid op te voed. Daarvoor is dit nodig dat die grond altyd eerder hard en maer, as los en vet gehou word.

[10] Die onkruid wat saam met die edele graan opskiet hinder nie, hoewel dit saam opgroei en ryp word, die geseënde gedy van die edele vrug nie, terwyl dit later tog weer vir die bemesting van die hier en daar te hard en te maer geworde grond baie geskik is. Kort en goed: Wat Elohim toelaat is goed, en uiteindelik is vir `n algeheel rein mens alles rein wat die aarde in en op en bo haar dra. - Sê nou eers of julle dit wat deur My vertel is, heeltemal verstaan het!"

[11] **Cyrenius** sê: "Meester, wie sou dit nou nie kon verstaan nie? Dit is tog alles sonhelder!"

[12] **Ek** sê: "Goed dan, dan sal Josoë vir ons sy mening daaroor gee!"